



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

AANBIEDING VAN FINANSIËLE STATE

(AERP 1)



AERP 1

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Presentation of Financial Statements* (IPSAS 1) wat uitgegee is deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB). Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie te ontwikkel en te verbeter deur geharmonieerde standaarde. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Aanbieding van Finansiële State* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is gevestig in IFAC en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Kopiereg © 2012 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.



AERP 1

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Aanbieding van Finansiële State

Paragrawe

Inleiding	
Oogmerk	.01
Omvang	.02 - .04
Woordomsrywings	.05 - .07
Wesenlik	.06
Standaarde van AERP	.07
Doel van finansiële state	.08 - .10
Komponente van finansiële state	.11 - .16
Oorkoepelende oorwegings	.17 - .49
Redelike weergawe en voldoening aan Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk	.17 - .26
Lopende saak	.27 - .30
Toevallingsgrondslag van rekeningkunde	.31 - .32
Konsekwentheid van aanbieding	.33 - .35
Wesenlikheid en samevoeging	.36 - .38
Verrekening	.39 - .43
Vergelykende inligting	.44 - .52
Minimum vergelykende inligting	.44 - .46
Bykomende vergelykende inligting	.47 - .52
Struktuur en inhoud	.53 - .61
Inleiding	.53 - .54
Identifikasie van finansiële state	.55 - .59
Verslagdoeningstydperk	.60 - .61
Staat van finansiële stand	.62 - .90
Onderskeid tussen bedryf/niebedryf	.62 - .67
Bedryfsbates	.68 - .70
Bedryfslaste	.71 - .78
Inligting wat as lynitems in die staat van finansiële stand aangebied moet word	.79 - .84



	AERP 1
Inligting wat hetsy as lynitems in die staat van finansiële stand of in die aantekeninge aangebied moet word	.85 - .90
Staat van finansiële prestasie	.91 - .112
Surplus of tekort vir die tydperk	.91 - .95
Inligting wat as lynitems in die staat van finansiële prestasie aangebied moet word	.96 - .100
Inligting wat hetsy as lynitems in die staat van finansiële prestasie of in die aantekeninge aangebied moet word	.101 - .112
Staat van veranderinge in netto bates	.113 - .120
Kontantvloeistaat	.121
Aantekeninge	.122 - .144
Struktuur	.122 - .126
Openbaarmaking van rekeningkundige beleide	.127 - .134
Sleutelbronne van ramingsonsekerheid	.135 - .142
Ander openbaarmakings	.143 - .144
Oorgangsbepalings	.145 - .148
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.145
Wysigings aan die Standaarde van AERP	.146 - .148
Datum van inwerkingtrede	.149 - .150
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.149
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.150
Terugtrek van die Standaard van AERP oor Aanbieding van Finansiële State (2004)	.151
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Presentation of Financial Statements</i> (Desember 2006)	



AERP 1

AANBIEDING VAN FINANSIËLE STATE

Hierdie Standaard is oorspronklik in April 2004 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit soos volg gewysig deur:

- Verbeterings aan die Standaarde van AERP, uitgegee deur die Raad in Februarie 2010
- Gevolglike wysigings wanneer die volgende Standaarde van AERP in werking tree:
 - AERP 23 Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)
 - AERP 24 Aanbieding van Begrotingsinligting in Finansiële State
 - AERP 104 Finansiële Instrumente
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP, uitgegee deur die Raad in Maart 2012.
- Gevolglike wysigings ná die hersienings aan AERP 100 Gestaakte Bedrywighede in 2013.
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP, uitgegee deur die Raad in November 2013.
- Met gevolglike wysigings wanneer die volgende Standaarde van AERP in werking tree:
 - AERP 105 Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer
 - AERP 106 Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie
 - AERP 107 Samesmeltings
- Wysigings aan die standaard van AERP oor *Beleggingseiendom en Eiendom, Aanleg en Toerusting* (2014) uitgegee op 26 Mei 2015.

'n Eksemplaar waarin die wysigings aangedui is wat aan AERP 1 aangebring as deel van die wysigings aan die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom en Eiendom, Aanleg en Toerusting* (2014) is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van *International Financial Reporting Standards* (IFRS'e) uitgegee deur die *International Accounting Standards Board*, goedgekeur as AERP:

- (g) openbare entiteite wat die kriteria uiteengesit in Lasgewing 12 oor *The Selection of an Appropriate Reporting Framework by Public Entities*; en
- (h) entiteite onder die eienaarsbeheer van enige van hierdie entiteite.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP word in paragraaf .01 tot .150 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolkings van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding en Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgereik word en wat oorgangsbepalings voorskryf, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is betreffende die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgereik is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf 11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleid, Veranderings in*



AERP 1

Rekeningkundige Ramings en Foute voorsien 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide in die afwesigheid van uitdruklike leiding.

Oogmerk

- .01 Die oogmerk van hierdie Standaard is om die grondslag vir aanbieding van finansiële state vir algemene doeleindes voor te skryf, ten einde verlykbaarheid met die entiteit vir finansiële state van vorige tydperke sowel as met die finansiële state van ander entiteite te verseker. Om hierdie oogmerk te bereik, sit hierdie Standaard oorkoepelende oorwegings uiteen vir die aanbieding van finansiële state, riglyne vir die struktuur daarvan en minimum vereistes vir die inhoud daarvan. Die erkenning, meting en openbaarmaking van spesifieke transaksies, ander gebeure en toestande word in ander Standaarde van AERP hanteer.

Omvang

- .02 ***Hierdie Standaard moet toegepas word op alle finansiële state vir algemene doeleindes wat ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde ooreenkomstig Standaarde van AERP opgestel en aangebied word.***
- .03 Finansiële state vir algemene doeleindes is dié wat bedoel is om aan die behoeftes te voldoen van gebruikers wat nie in 'n posisie is om verslae te eis wat vir hul besondere inligtingsbehoefte pasgemaak is nie. Gebruikers van finansiële state vir algemene doeleindes sluit belastingpligtiges en belastingbetalers, lede van die wetgewer, krediteure, verskaffers, die media en werknemers in. Finansiële state vir algemene doeleindes sluit dié in wat afsonderlik aangebied word, of in 'n ander openbare dokument soos 'n jaarverslag vervat is. Hierdie Standaard is nie van toepassing op die struktuur en inhoud van gekondenseerde tussentydse finansiële inligting nie.
- .04 Hierdie Standaard is in gelyke mate op alle entiteite van toepassing, en ongeag of hulle nodig het om gekonsolideerde finansiële state of afsonderlike finansiële state, soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State*, op te stel al dan nie.

Woordomskrywings

- .05 ***Die volgende terme word in hierdie Standaard van AERP gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:***

Aantekeninge bevat inligting bykomend by dit wat in die staat van finansiële stand, staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates, kontantvloeistaat en staat van vergelyking van begrote en werklike bedrae aangebied word. Aantekeninge voorsien verhalende beskrywings of ontledings van items wat in daardie state openbaar gemaak is en inligting oor items wat nie vir erkenning in daardie state kwalifiseer nie.

Bates is hulpbronne wat deur 'n entiteit as gevolg van gebeure in die verlede beheer word en waaruit toekomstige ekonomiese voordele of

dienspotensiaal verwag word om na die entiteit te vloei.

Bestuur bestaan uit daardie persone wat verantwoordelik is vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die aktiwiteite van die entiteit, met inbegrip van diegene wat verantwoordelik is vir die korporatiewe bestuur van die entiteit ooreenkomstig wetgewing, in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies te vervul.

Bydraes van eenaars beteken toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat bygedra is tot die entiteit deur partye buite die entiteit, uitgesonderd dié wat laste van die entiteit tot gevolg het, wat 'n finansiële belang in die netto bates van die entiteit vestig, en wat:

- (a) *geregtigdheid op uitkerings van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur die entiteit gedurende sy leeftyd oordra, en sodanige uitkerings is na die goeddunke van die eenaars of hul verteenwoordigers, en op uitkerings van enige oorskot van bates bo laste in die geval waar die entiteit gelikwideer word; en/of*
- (b) *verkoop, geruil, oorgedra of afgelos kan word.*

Ekonomiese entiteit beteken 'n groep entiteite wat 'n beherende entiteit en een of meer beheerde entiteite behels.

Inkomste is die bruto invloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk wanneer daardie invloei 'n toename in netto bates tot gevolg het, uitgesonderd toenames wat met bydraes van eenaars verband hou.

Laste is huidige verpligtinge van die entiteit voortspruitend uit vorige gebeure, waarvan die aflossing na verwagting 'n uitvloei uit die entiteit tot gevolg sal hê van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels.

Netto bates is die oorblywende belang in die bates van die entiteit ná aftrekking van al sy laste.

Nie-uitruiltransaksies is transaksies wat nie uitruiltransaksies is nie. In 'n nie-uitruiltransaksie ontvang 'n entiteit waarde van 'n ander entiteit sonder om regstreeks ongeveer gelyke waarde in ruil te gee, of gee hy waarde aan 'n ander entiteit sonder om regstreeks ongeveer gelyke waarde in ruil te ontvang.

Prakties onuitvoerbaar Toepassing van 'n vereiste is prakties onuitvoerbaar wanneer die entiteit dit nie kan toepas nie nadat alle redelike pogings aangewend is om dit te doen. Vir 'n spesifieke voorafgaande tydperk is dit prakties onuitvoerbaar om 'n verandering in 'n rekeningkundige beleid terugwerkend toe te pas of 'n terugwerkende hersamestelling te maak om 'n fout reg te stel indien:

- (a) *die gevolge van die terugwerkende toepassing of terugwerkende hersamestelling nie vasgestel kan word nie;*
- (b) *die terugwerkende toepassing of terugwerkende hersamestelling veronderstellings vereis oor wat bestuur se bedoeling in daardie*

tydperk sou gewees het; of

(c) die terugwerkende toepassing of terugwerkende hersamestelling beduidende ramings van bedrae vereis en dit onmoontlik is om objektief inligting oor daardie ramings te onderskei wat:

(i) bewys van omstandighede voorsien wat op die datum(s) bestaan het waarop daardie bedrae erken, gemeet of openbaar gemaak moes word; en

(ii) beskikbaar sou gewees het toe die finansiële state vir daardie voorafgaande tydperk vir uitreiking uit ander inligting gemagtig is.

Rekeningkundige beleide is die spesifieke beginsels, grondslae, konvensies, reëls en praktyke wat deur 'n entiteit in die opstel en aanbieding van finansiële state toegepas word.

Standaarde van AERP omvat die Standaarde, Vertolkings en Lasgewings wat deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde uitgegee is.

Toevallingsgrondslag beteken 'n grondslag van rekeningkunde waarvolgens transaksies, ander gebeure en toestande erken word wanneer dit voorkom (en nie slegs wanneer kontant of die ekwivalent daarvan ontvang of betaal word nie). Die transaksies, ander gebeure of toestande word dus in die rekeningkundige rekords geboekstaaf en erken in die finansiële state van die tydperke waarop hulle van toepassing is. Die elemente wat onder toevallingsrekeningkunde erken word, is bates, laste, netto bates, inkomste en uitgawes.

Uitgawes is afnames in ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk in die vorm van uitvloeï of verbruik van bates of oploping van laste wat verminderings in netto bates tot gevolg het, uitgesonderd dié met betrekking tot uitkerings aan eienaars.

Uitkerings aan eienaars beteken toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat uitgekeer word deur die entiteit aan al of sommige van sy eienaars, hetsy as 'n opbrengs op belegging of as 'n terugbetaling van belegging.

Uitruiltransaksies is transaksies waarin een entiteit bates of dienste ontvang, of sy laste uitgewis word, en regstreeks ongeveer gelyke waarde (primêr in die vorm van kontant, goedere, dienste of gebruik van bates) in ruil daarvoor aan 'n ander entiteit gee.

Verslagdoeningsdatum beteken die datum van die laaste dag van die verslagdoeningstydperk waarop die finansiële state betrekking het.

Wesenlike weglatings of wanvoorstellings van items is wesenlik indien dit, individueel of gesamentlik, die besluite of evaluerings van gebruikers wat op grond van die finansiële state gemaak word, kan beïnvloed. Wesenlikheid hang af van die aard of grootte van die weglating of wanvoorstelling, geoordeel in die gepaardgaande omstandighede. Die aard of grootte van die inligtingsitem, of 'n kombinasie van beide, kan die

bepalende faktor wees.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard gebruik met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde.

Wesenlik

- .06 Evaluering daarvan of 'n weglating of wanvoorstelling besluite van gebruikers kan beïnvloed en dus weselik is, verg oorweging van die eienskappe van daardie gebruikers. Die Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State stel dit dat gebruikers veronderstel word om 'n redelike kennis van die regering, sy aktiwiteite en rekeningkunde te hê en 'n bereidheid te hê om die inligting met redelike noulettendheid te bestudeer. Daarom moet die evaluering in aanmerking neem hoe gebruikers met sodanige eienskappe redelikerwys na verwagting in die neem en evaluering van besluite beïnvloed kon word.

Standaarde van AERP

- .07 Standaarde van AERP sluit in die Standaarde van AERP, Vertolkings van die Standaarde van AERP en Lasgewings wat deur die RRS uitgegee word. Riglyne verduidelik die toepassing op spesifieke transaksies, gebeure of omstandighede van die beginsels wat in die Standaarde en/of Vertolkings ingesluit is. Die gesag van Riglyne word uiteengesit in elke Riglyn, of in Lasgewings wat deur die Raad uitgegee word.

Doel van finansiële state

- .08 Finansiële state is 'n gestruktureerde weergawe van die finansiële stand en finansiële prestasie van 'n entiteit. Die oogmerk van finansiële state vir algemene doeleindes is om inligting oor die finansiële stand, finansiële prestasie en kontantvloei van 'n entiteit te voorsien wat nuttig is vir die neem en evaluering van besluite oor die toewysing van hulpbronne. Spesifiek moet die oogmerke van finansiële verslagdoening vir algemene doeleindes in die openbare sektor wees om inligting te voorsien wat nuttig is vir besluitneming, en om die aanspreeklikheid van die entiteit vir die hulpbronne wat aan die entiteit toevertrou is te demonstreer deur:
- (a) voorsiening van inligting oor die bronne, toewysing en gebruik van finansiële hulpbronne;
 - (b) voorsiening van inligting oor hoe die entiteit sy aktiwiteite gefinansier en sy kontantbehoefte nagekom het;
 - (c) voorsiening van inligting wat nuttig is in die evaluering van die entiteit se vermoë om sy aktiwiteite te finansier en sy laste en verpligtinge na te kom;
 - (d) voorsiening van inligting oor die finansiële toestand van die entiteit en veranderinge daarin; en
 - (e) voorsiening van saamgevoegde inligting wat nuttig is vir die evaluering van die entiteit se prestasie wat betref dienskoste, doeltreffendheid en

prestasies.

- .09 Finansiële state vir algemene doeleindes kan ook 'n voorspellende of vooruitskouende rol vervul en inligting voorsien wat bruikbaar is in die voorspelling van die vlak van hulpbronne wat vereis sal word vir voortgesette bedrywighede, die hulpbronne wat deur voortgesette bedrywighede gegenereer kan word en die gepaardgaande risiko's en onsekerhede. Finansiële verslagdoening kan gebruikers ook van inligting voorsien:
- (a) wat aandui of hulpbronne ooreenkomstig die wetlik aanvaarde begroting verkry en gebruik is; en
 - (b) wat aandui of hulpbronne ooreenkomstig wetlike en kontraktuele vereistes verkry en gebruik is, insluitende finansiële perke wat deur toepaslike wetgewende owerhede vasgestel is.
- .10 Om aan hierdie oogmerke te voldoen, voorsien die finansiële state inligting oor 'n entiteit se:
- (a) bates;
 - (b) laste;
 - (c) netto bates;
 - (d) inkomste;
 - (e) uitgawes;
 - (f) ander veranderinge in netto bates; en
 - (g) kontantvloei.

Komponente van finansiële state

- .11 *'n Volledige stel finansiële state bestaan uit:*
- (a) *'n staat van finansiële stand;*
 - (b) *'n staat van finansiële prestasie;*
 - (c) *'n staat van veranderinge in netto bates;*
 - (d) *'n kontantvloeistaat;*
 - (e) *'n vergelyking van begrote en werklike bedrae, hetsy as 'n afsonderlike addisionele finansiële staat of as 'n begrotingskolom in die finansiële state, wanneer die entiteit sy goedgekeurde begroting openbaar beskikbaar stel;*
 - (f) *aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge; en*
 - (g) *vergelykende inligting ten opsigte van die voorafgaande tydperk, soos in paragraaf .44 en .45 gespesifiseer.*
- .12 Die komponente wat in paragraaf 11 gelys word, word verskillende name genoem. Die staat van finansiële stand kan ook 'n balansstaat of staat van

AERP 1

bates en laste genoem word. Die staat van finansiële prestasie kan ook 'n staat van inkomste en uitgawes, 'n inkomstestaat, 'n bedryfstaat, of 'n wins-en-verlies-staat genoem word. Die aantekeninge by die finansiële state kan items insluit wat “skedules”, “bylaes” of “aanhangsels” genoem word.

- .13 Die finansiële state voorsien gebruikers van inligting oor 'n entiteit se hulpbronne en verpligtinge op die verslagdoeningsdatum en die vloeï van hulpbronne tussen verslagdoeningsdatums. Hierdie inligting is nuttig vir gebruikers wat evaluering maak van 'n entiteit se vermoë om voort te gaan om goedere en dienste op 'n gegewe vlak te voorsien, en die vlak van hulpbronne wat in die toekoms aan die entiteit voorsien sal moet word sodat hy kan voortgaan om sy diensleweringverpligtinge na te kom.
- .14 ***Entiteite is tipies onderworpe aan begrotingsbeperkings in die vorm van toedelings of begrotingsmagtigings (of die ekwivalent daarvan), waaraan daar uitvoering gegee word deur wetgewing, begroting of soortgelyke magtiging. Finansiële verslagdoening vir algemene doeleindes deur entiteite sal inligting daarvoor voorsien of hulpbronne in ooreenstemming met die wettig aanvaarde begroting verkry en gebruik is. Daar word van entiteite wat hul goedgekeurde begroting(s) openbaar beskikbaar stel, vereis om aan die vereistes van die Standaard van AERP oor Aanbieding van Begrotingsinligting in Finansiële State te voldoen. Vir ander entiteite, waar die finansiële state en die begroting op dieselfde rekeningkundige grondslag is, moet hierdie Standaard aan dat daar in die finansiële state 'n vergelyking met die begrote bedrae vir die verslagdoeningstydperk ingesluit word. Verslagdoening teenoor begroting(s) vir hierdie entiteite kan op verskeie wyses aangebied word, met inbegrip van:***
- (a) ***die gebruik van 'n kolomformaat vir die finansiële state, met afsonderlike kolomme vir begrote bedrae en werklike bedrae. 'n Kolom wat enige afwykings van die begroting of toedeling aantoon, kan ook aangebied word ter wille van volledigheid; en***
 - (b) ***openbaarmaking dat die begrote bedrae nie oorskry is nie. Indien enige begrote bedrag of begrotings oorskry is, of uitgawes aangegaan is sonder begroting of ander vorm van magtiging, mag besonderhede by wyse van 'n voetnoot by die toepaslike item in die finansiële state openbaar gemaak word.***
- .15 Entiteite word aangemoedig, of daar mag deur wetgewing, regulasies of soortgelyke dokumente wat in wetgewing of regulasies beskryf word van hulle vereis word, om bykomende inligting aan te bied om gebruikers behulpsaam te wees met die evaluering van die prestasie van die entiteit en sy rentmeesterskap oor bates, sowel as van die neem en evaluering van besluite oor die toewysing van hul hulpbronne. Hierdie bykomende inligting mag besonderhede oor die entiteit se uitsette en uitkomste in die vorm van prestasieaanwysers, verklarings van dienslewering, programhersienings en ander verslae deur bestuur oor die entiteit se prestasie gedurende die verslagdoeningstydperk insluit.

AERP 1

- .16 Entiteite word ook aangemoedig, of daar kan deur wetgewing, regulasies of soortgelyke dokumente wat in wetgewing of regulasies beskryf word van hulle vereis word, om inligting oor voldoening aan wetgewende, regulatoriese of ander ekstern opgelegde regulasies openbaar te maak. Wanneer inligting oor voldoening nie in die finansiële state ingesluit word nie, kan dit nuttig wees dat 'n aantekening na enige dokumente verwys wat daardie inligting insluit. Kennis van nievoldoening sal waarskynlik relevant wees vir aanspreeklikheidsdoeleindes en kan 'n gebruiker se evaluering van die entiteit se prestasie en die rigting van toekomstige bedrywighede beïnvloed. Dit kan ook besluite beïnvloed oor hulpbronne wat in die toekoms aan die entiteit toegewys sal word.

Oorkoepelende oorwegings

Redelike weergawe en voldoening aan Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

- .17 *Finansiële state moet die finansiële stand, finansiële prestasie en kontantvloei van 'n entiteit redelik weergee. Redelike weergawe vereis die getroue weergawe van die uitwerkings van transaksies, ander gebeure en toestande in ooreenstemming met die omskrywings en erkenningskriteria vir bates, laste, inkomste en uitgawes wat in die Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State uiteengesit word. Daar word veronderstel dat die toepassing van Standaarde van AERP met bykomende openbaarmakings indien nodig finansiële state tot gevolg sal hê waarin redelike weergawe bereik word.*
- .18 *'n Entiteit waarvan die finansiële state aan Standaarde van AERP voldoen, moet 'n uitdruklike en onvoorwaardelike verklaring van sodanige voldoening in die aantekeninge maak. Finansiële state mag nie beskryf word as sou hulle aan Standaarde van AERP voldoen tensy hulle aan al die vereistes van Standaarde van AERP voldoen nie.*
- .19 In feitlik alle omstandighede word 'n redelike weergawe deur voldoening aan toepaslike Standaarde van AERP verkry. 'n Redelike weergawe vereis ook van 'n entiteit:
- (a) om rekeningkundige beleid te kies en toe te pas in ooreenstemming met die vereistes van die Standaarde van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute*, wat 'n hiërargie van gesaghebbende leiding uiteensit wat bestuur oorweeg in die afwesigheid van 'n Standaard wat spesifiek op 'n item van toepassing is;
 - (b) om inligting aan te bied, met inbegrip van rekeningkundige beleid, op 'n wyse wat toepaslike, betroubare, vergelykbare en verstaanbare inligting voorsien; en
 - (c) om bykomende openbaarmakings te voorsien indien voldoening aan die spesifieke vereistes in Standaarde van AERP ontoereikend is om

AERP 1

gebruikers in staat te stel om die impak van spesifieke transaksies, ander gebeure en toestande op die entiteit se finansiële stand en finansiële prestasie te verstaan.

- .20 *Ontoepaslike rekeningkundige beleide word nie reggestel hetsy deur openbaarmaking van die rekeningkundige beleide wat gebruik is of deur aantekeninge of verduidelikende materiaal nie.***
- .21 *In die uiters buitengewone omstandighede wanneer bestuur tot die slotsom kom dat voldoening aan 'n vereiste in 'n Standaard van AERP so misleidend sou wees dat dit sou bots met die oogmerk van die finansiële state in die Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State, moet die entiteit van daardie vereiste afwyk op die wyse wat in paragraaf .22 uiteengesit word indien die regulatoriese raamwerk sodanige afwyking vereis.***
- .22 *Indien 'n entiteit ooreenkomstig paragraaf .21 van 'n vereiste van 'n Standaard van AERP afwyk, moet hy openbaar maak:***
- (a) dat bestuur tot die slotsom gekom het dat die finansiële state die entiteit se finansiële stand, finansiële prestasie en kontantvloei redelik weergee;***
 - (b) dat hy aan toepaslike Standaarde van AERP voldoen het, behalwe dat hy van 'n spesifieke vereiste afgewyk het om redelike weergawe te bewerkstellig;***
 - (c) die titel van die Standaard van AERP waarvan die entiteit afgewyk het, die aard van die afwyking, met inbegrip van die behandeling wat die Standaard van AERP sou vereis, die rede hoekom daardie behandeling in die omstandighede so misleidend sou wees dat dit strydig met die oogmerk van finansiële state in die Raamwerk vir die Opstelling en Aanbieding van Finansiële State sou wees, en die behandeling wat aanvaar is; en***
 - (d) vir elke tydperk wat aangebied word, die finansiële impak van die afwyking van elke item in die finansiële state wat ter voldoening aan die vereiste gerapporteer sou gewees het.***
- .23 *Indien 'n entiteit in 'n vorige tydperk van 'n vereiste van 'n Standaard van AERP afgewyk het en daardie afwyking die bedrae beïnvloed wat in die finansiële state vir die huidige tydperk erken word, moet hy die openbaarmakings doen wat in paragraaf .22(c) en (d) uiteengesit word.***
- .24 *Paragraaf .23 is byvoorbeeld van toepassing indien 'n entiteit in 'n vorige tydperk van 'n vereiste in 'n Standaard van AERP vir die meting van bates of laste afgewyk het en daardie afwyking die meting beïnvloed van veranderinge in bates en laste wat in die huidige tydperk se finansiële state erken word.***
- .25 *Vir die doel van paragraaf .21 tot 24 sal 'n inligtingsitem strydig met die oogmerk van finansiële state wees wanneer dit nie die transaksies, ander***

AERP 1

gebeure en toestande getrou weergee wat dit hetsy voorgee om weer te gee of redelikerwys verwag kon word om weer te gee nie, en dit gevolglik waarskynlik besluite sou beïnvloed wat deur die gebruikers van finansiële state geneem word. Wanneer daar geëvalueer word of voldoening aan 'n spesifieke vereiste in 'n Standaard van AERP so misleidend sou wees dat dit strydig sou wees met die oogmerk van finansiële state in die Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State, oorweeg bestuur:

- (a) hoekom die oogmerk van finansiële state nie in die besondere omstandighede bereik word nie; en
- (b) hoe die entiteit se omstandighede verskil van dié van ander entiteite wat aan die vereiste voldoen. Indien ander entiteite in soortgelyke omstandighede aan die vereiste voldoen, is daar 'n weerlegbare veronderstelling dat die entiteit se voldoening aan die vereiste nie so misleidend sou wees dat dit strydig met die oogmerk van finansiële state in die Raamwerk vir die Opstelling en Aanbieding van Finansiële State sou wees nie.

- .26 Afwykings van die vereistes van 'n Standaard van AERP ten einde aan statutêre of wetlike verslagdoeningsvereistes te voldoen, maak nie afwykings uit wat strydig met die oogmerk van finansiële state is wat in paragraaf .21 van hier Standaard uiteengesit word nie. Indien sodanig afwykings wesenlik is, kan 'n entiteit nie beweer dat daar voldoening aan 'n Standaarde van AERP is nie.

Lopende saak

- .27 *Wanneer finansiële state opgestel word, moet die bestuur 'n evaluering doen van 'n entiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te gaan. Finansiële state moet op 'n lopendesaakgrondslag opgestel word, tensy daar 'n bedoeling is om die entiteit te likwideer of met bedrywighede op te hou, of indien daar geen ander realistiese alternatief is as om dit te doen nie. Indien bestuur bewus is, in die maak van sy evaluering, van wesenlike onsekerhede met betrekking tot gebeure of toestande wat beduidende twyfel sou laat ontstaan oor die entiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te gaan, moet daardie onsekerhede openbaar gemaak word. Indien die finansiële state nie op 'n lopendesaakgrondslag opgestel word nie, moet daardie feit openbaar gemaak word, tesame met die grondslag waarop die finansiële state opgestel word, en die rede waarom die entiteit nie as 'n lopende saak beskou word nie.***

- .28 Finansiële state word normaalweg opgestel met die veronderstelling dat die entiteit 'n lopende saak is en vir die afsienbare toekoms met sy bedrywighede of in die een of ander gemodifiseerde vorm, byvoorbeeld 'n samesmelting, sal voortgaan en aan sy statutêre verpligtinge sal voldoen. In die evaluering of die lopendesaak-veronderstelling toepaslik is, neem bestuur alle beskikbare inligting oor die toekoms in aanmerking, wat minstens twaalf maande vanaf die verslagdoeningsdatum is, maar nie daartoe beperk is nie.

- .29 Die mate van oorweging hang af van die feite in elke geval, en evaluering van

AERP 1

die lopendesaak-veronderstelling is nie gegrond op die solvensietoets wat gewoonlik op sakeondernemings toegepas word nie. Daar kan omstandighede wees waar die gewone lopendesaaktoetse van likiditeit en solvensie ongunstig voorkom, terwyl ander faktore egter suggereer dat die entiteit ongeag hiervan 'n lopende saak is. Byvoorbeeld:

- (a) in die evaluering of 'n entiteit 'n lopende saak is, kan die vermoë om eiendomsbelasting of belasting te hef, sommige entiteite in staat stel om as 'n lopende saak beskou te word, selfs al funksioneer hulle vir verlengde tydperke met negatiewe netto bates; en
 - (b) vir 'n individuele entiteit kan 'n evaluering van sy staat van finansiële stand op die verslagdoeningsdatum daarop dui dat die lopendesaak-veronderstelling nie toepaslik is nie. Daar kan egter multijaar-befondsingsreëlings, of ander reëlings, in plek wees wat die voortgesette bedryf van die entiteit sal verseker.
- .30 Die bepaling of die lopendesaak-veronderstelling van toepassing is, is primêr relevant vir individuele entiteite eerder as vir die regering in die geheel. Vir individuele entiteite kan bestuur, in die evaluering daarvan of die lopendesaak-grondslag toepaslik is, nodig hê om 'n wye verskeidenheid faktore wat betref huidige en verwagte prestasie, die verwagte kort- en mediumtermyn-ekonomiese omgewing waarin die entiteit bedrywig is, potensiële en aangekondigde herstrukturering van organisatoriese eenhede, ramings van inkomste of die waarskynlikheid van voortgesette regeringsbefondsing en potensiële bronne van vervanging van finansiering in aanmerking neem voordat dit toepaslik is om tot die slotsom te kom dat die lopendesaak-veronderstelling toepaslik is.

Toevallingsgrondslag van rekeningkunde

- .31 ***'n Entiteit moet sy finansiële state, behalwe kontantvloei-inligting, met gebruik van die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel.***
- .32 Indien die toevallingsgrondslag van rekeningkunde gebruik word, word items as bates, laste, netto bates, inkomste en uitgawes (die elemente van finansiële state) erken wanneer daar aan die omskrywings en erkenningskriteria vir dié elemente in die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* voldoen word.

Konsekwentheid van aanbieding

- .33 ***Die aanbieding en klassifikasie van items in die finansiële state moet van een tydperk na die volgende behou word, tensy:***
- (a) ***dit duidelik is, ná 'n beduidende verandering in die aard van die entiteit se bedrywighede of 'n oorsig van sy finansiële state, dat 'n ander aanbieding of klassifikasie meer toepaslik sou wees met inagneming van die kriteria vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide in die Standaard van AERP oor***

Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute; of

(b) 'n Standaard van AERP 'n verandering in aanbieding vereis.

- .34 'n Beduidende verkryging of vervreemding, of 'n oorsig van die aanbieding van die finansiële state, kan daarop dui dat die finansiële state anders aangebied moet word. 'n Entiteit kan byvoorbeeld 'n spaarbank vervreem wat een van sy mees beduidende beheerde entiteite verteenwoordig, en die oorblywende ekonomiese entiteit kan byvoorbeeld hoofsaaklik administratiewe en beleidsadviesdienste bied. In hierdie geval is dit onwaarskynlik dat die aanbieding van die finansiële state op grond van die hoofaktiwiteite van die ekonomiese entiteit as 'n finansiële instelling vir die nuwe ekonomiese entiteit toepaslik sal wees.
- .35 'n Entiteit verander die aanbieding van sy finansiële state slegs indien die veranderde aanbieding inligting voorsien wat betroubaar en meer toepaslik vir die gebruikers van die finansiële state is en die hersiene struktuur waarskynlik sal voortgaan, sodat daar nie afbreuk aan vergelykbaarheid gedoen word nie. Indien sodanige veranderinge in aanbieding aangebring word, herklassifiseer 'n entiteit sy vergelykende inligting ooreenkomstig paragraaf .49 en .50.

Wesenlikheid en samevoeging

- .36 ***Elke wesentlike klas soortgelyke items moet afsonderlik in die finansiële state aangebied word. Items waarvan die aard of funksie verskil, moet afsonderlik aangebied word, tensy hulle nie wesentlik is nie.***
- .37 Finansiële state is die gevolg van die verwerking van groot getalle transaksies of ander gebeure wat volgens hul aard of funksie in klasse saamgevoeg word. Die finale stadium van die proses van samevoeging en klassifikasie is die aanbieding van gekondenseerde en geklassifiseerde data wat lynitems uitmaak in die staat van finansiële stand, staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates en kontantvloei staat, of in die aantekeninge. Indien 'n lynitem nie individueel wesentlik is nie, word dit saamgevoeg met ander items, hetsy in daardie staat self of in die aantekeninge. 'n Item wat nie wesentlik genoeg is om afsonderlike aanbieding as lynitem in daardie staat te regverdig nie, kan nogtans van toereikende wesentlikheid wees om dit afsonderlik in die aantekeninge aan te bied.
- .38 Toepassing van die konsep van wesentlikheid beteken dat daar nie aan 'n spesifieke openbaarmakingsvereiste in 'n Standaard van AERP voldoen hoef te word indien die inligting nie wesentlik is nie.

Verrekening

- .39 ***Bates en laste, inkomste en uitgawes mag nie teen mekaar verreken word nie tensy dit deur 'n Standaard van AERP vereis of toegelaat word.***

AERP 1

- .40 Dit is belangrik dat bates en laste, inkomste en uitgawes afsonderlik gerapporteer word. Verrekening in die staat van finansiële prestasie of die staat van finansiële stand, tensy verrekening die wese van die transaksie of ander gebeure weerspieël, doen afbreuk aan die vermoë van gebruikers om die transaksies, ander gebeure en toestande wat voorgekom het te verstaan sowel as om die entiteit se toekomstige kontantvloeï te evalueer. Meting van bates ná aftrekking van waardasievoorsienings, byvoorbeeld voorsienings vir veroudering in voorraad en voorsienings vir twyfelagtige skuld van debiteure, is nie verrekening nie.
- .41 Die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruijtransaksies* omskryf inkomste en vereis dat dit gemeet word teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang of ontvangbaar is, met inagneming van die bedrag van enige afslag en volumediskonto's wat deur die entiteit toegelaat word. 'n Entiteit onderneem, in die loop van sy gewone aktiwiteite, ander transaksies wat nie inkomste genereer nie maar bykomstig by die belangrikste inkomstegenereringsaktiwiteite is. Die gevolg van sodanige transaksies word deur netto verrekening van enige inkomste teen verbandhoudende uitgawes voortspruitend uit dieselfde transaksie aangebied wanneer hierdie aanbieding die wese van die transaksie of ander gebeure weerspieël. Byvoorbeeld:
- (a) winste en verliese op die vervreemding van niebedryfsbates, met inbegrip van beleggings en bedryfsbates, word gerapporteer deur die drabedrag van die bate en verbandhoudende verkoopsonkoste van die opbrengs af te trek; en
 - (b) uitgawes met betrekking tot 'n voorsiening wat erken word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Laste en Voorwaardelike Bates* en ooreenkomstig 'n kontraktuele reëling met 'n derde party vergoed word (byvoorbeeld, 'n verskafferswaarborgooreenkoms), mag teen die verbandhoudende vergoeding verreken word.
- .42 Hierbenewens word winste en verliese voortspruitend uit 'n groep soortgelyke transaksies op 'n netto grondslag gerapporteer, byvoorbeeld valutawinste en -verliese en winste en verliese voortspruitend uit finansiële instrumente wat vir verhandeling gehou word. Sodanige winste en verliese word egter afsonderlik gerapporteer indien dit wesenlik is.
- .43 Die verrekening van kontantvloeï word in die Standaard van AERP oor *Kontantvloeïstate* behandel.

Vergelykende inligting

Minimum vergelykende inligting

- .44 ***Behalwe indien 'n Standaard van AERP dit toelaat of anders vereis, moet vergelykende inligting ten opsigte van die voorafgaande tydperk aangebied word vir alle bedrae wat in die finansiële state gerapporteer word. Vergelykende inligting moet ingesluit word vir verhandelende en***

AERP 1

beskrywende inligting indien dit toepaslik is vir 'n begrip van die huidige tydperk se finansiële state.

- .45** *'n Entiteit moet, as 'n minimum, twee state van finansiële stand, twee state van finansiële prestasie, twee kontantvloei-state en twee state van veranderinge in netto bates, asook verbandhoudende aantekeninge aanbied.*
- .46** In sommige gevalle is verhalende inligting wat in die finansiële state vir die voorafgaande tydperk(e) voorsien is, steeds in die huidige tydperk toepaslik. Besonderhede van 'n regsgeving, waarvan die uitkoms aan die einde van die voorafgaande tydperk onseker was en nog opgelos moet word, word byvoorbeeld in die huidige tydperk openbaar gemaak. Gebruikers kan voordeel put uit die openbaarmaking van inligting dat die onsekerheid aan die einde van die voorafgaande tydperk bestaan het, en oor die stappe wat gedurende die tydperk gedoen is om die onsekerheid uit die weg te ruim.

Bykomende vergelykende inligting

- .47** 'n Entiteit kan vergelykende inligting aanbied benewens die minimum vergelykende finansiële state wat deur die Standaard van AERP vereis word, solank daardie inligting ooreenkomstig die Standaard van AERP opgestel word. Hierdie vergelykende inligting kan bestaan uit een of meer van die state waarna daar in paragraaf .11 verwys word, maar dit hoef nie 'n volledige stel finansiële state te omvat nie. Indien dit die geval is, moet die entiteit verbandhoudende inligting vir daardie bykomende state in aantekeninge aanbied.
- .48** 'n Entiteit kan byvoorbeeld 'n derde staat van finansiële prestasie aanbied (en sodoende die huidige tydperk, die voorafgaande tydperk en een bykomende vergelykende tydperk aanbied). Daar word egter nie van die entiteit vereis om 'n derde staat van finansiële stand, 'n derde kontantvloei-state of 'n derde staat van veranderinge in netto bates aan te bied nie (d.w.s. 'n bykomende vergelykende finansiële staat). Daar word van die entiteit vereis om, in die aantekeninge by die finansiële state, die vergelykende inligting met betrekking tot daardie bykomende staat van finansiële prestasie aan te bied.
- .49** *Indien die aanbieding of klassifikasie van items in die finansiële state gewysig word, moet vergelykende bedrae herklassifiseer word, tensy die herklassifikasie nie prakties uitvoerbaar is nie. Indien vergelykbare bedrae herklassifiseer word, moet 'n entiteit die volgende openbaar maak (met inbegrip van soos aan die begin van die voorafgaande tydperk):*
- (a) die aard van die herklassifikasie;*
 - (b) die bedrag van elke item of klas items wat herklassifiseer word; en*
 - (c) die rede vir die herklassifikasie.*
- .50** *Indien dit onprakties is om vergelykende bedrae te herklassifiseer, moet 'n entiteit die volgende openbaar maak:*

AERP 1

- (a) die rede waarom die bedrae nie herklassifiseer word nie; en**
- (b) die aard van die aansuiwerings wat gemaak sou moes word indien die bedrae herklassifiseer sou gewees het.**

- .51 Verbetering van die vergelykbaarheid van inligting tussen tydperke help gebruikers om besluite te neem en te evalueer, veral deur die evaluering van tendense in finansiële inligting vir voorspellingdoeleindes moontlik te maak. In sommige omstandighede is dit onprakties om vergelykende inligting vir 'n spesifieke voorafgaande tydperk te herklassifiseer ten einde vergelykbaarheid met die huidige tydperk te bewerkstellig. Data is moontlik nie in die voorafgaande tydperk(e) op 'n wyse versamel wat herklassifikasie toelaat nie, en dit kan moontlik nie prakties uitvoerbaar wees om die inligting te herskep nie.
- .52 Die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* behandel die aansuiwerings van vergelykbare inligting wat vereis word indien 'n entiteit 'n rekeningkundige beleid verander of 'n fout regstel.

Struktuur en inhoud

Inleiding

- .53 Hierdie Standaard vereis spesifieke openbaarmakings as lynitems in die staat van finansiële stand, staat van finansiële prestasie en staat van veranderinge in netto bates en vereis openbaarmaking van ander lynitems, hetsy in hierdie state self of in die aantekeninge. Die Standaard van AERP oor *Kontantvloei-state* sit vereistes vir die aanbieding van 'n kontantvloei-state uiteen.
- .54 Hierdie Standaard gebruik soms die term 'openbaarmaking' in 'n breë sin, wat items omvat wat as lynitems in die staat van finansiële stand, staat van finansiële prestasie en kontantvloei-state sowel as in die aantekeninge aangebied word. Openbaarmakings word ook deur ander Standaarde van AERP vereis. Tensy die teendeel elders in hierdie Standaard van AERP of in 'n ander Standaard van AERP gespesifiseer word, word sodanige openbaarmakings hetsy as lynitem in die staat van finansiële stand, staat van finansiële prestasie en kontantvloei-state (wat ook al toepaslik is) of in die aantekeninge gedoen.

Identifikasie van finansiële state

- .55 ***Die finansiële state moet duidelik geïdentifiseer en van ander inligting in die dieselfde gepubliseerde dokument onderskei word.***
- .56 Standaarde van AERP is slegs op finansiële state van toepassing, en nie op ander inligting wat in 'n jaarverslag of ander dokument aangebied word nie. Daarom is dit belangrik dat gebruikers in staat is om inligting wat met gebruik

AERP 1

van Standaard van AERP opgestel is te onderskei van ander inligting wat nuttig kan wees vir gebruikers, maar wat nie aan daardie vereistes onderworpe is nie.

.57 Elke komponent van die finansiële state moet duidelik geïdentifiseer word. Verder moet die volgende inligting prominent vertoon word, en herhaal word wanneer dit nodig is vir 'n behoorlike begrip van die inligting wat aangebied word:

- (a) die naam van die verslagdoenende entiteit of ander middel van identifikasie en enige verandering in daardie inligting sedert die vorige verslagdoeningsdatum;**
- (b) of die finansiële state die individuele entiteit of die ekonomiese entiteit dek;**
- (c) die verslagdoeningsdatum of die tydperk wat deur die finansiële state gedek word, wat ook al op die komponent van die finansiële state van toepassing is;**
- (d) die aanbiedingsgeldeenheid, soos in die Standaard van AERP oor die Uitwerking van Veranderinge in Valutakoerse omskryf is; en**
- (e) die vlak van afronding wat in die aanbieding van bedrae in die finansiële state gebruik word.**

.58 Daar word normaalweg aan die vereistes in paragraaf .57 voldoen deur bladsyopskrifte en afgekorte kolomopskrifte op elke bladsy van die finansiële aan te bied. Oordeel is nodig om die beste wyse vir die aanbieding van sodanige inligting te bepaal. Indien die finansiële state byvoorbeeld elektronies aangebied word, word afsonderlike bladsye nie altyd gebruik nie; die bogenoemde items word dan gereeld genoeg aangebied om 'n behoorlike begrip te verseker van die inligting wat in die finansiële state ingesluit is.

.59 Finansiële state word dikwels meer verstaanbaar gemaak deur inligting in duisende of miljoene van die aanbiedingsgeldeenheid aan te bied. Dit is aanvaarbaar solank die vlak van afronding in aanbieding openbaar gemaak word en wesenlike inligting nie uitgelaat word nie.

Verslagdoeningstydperk

.60 Finansiële state moet minstens jaarliks aangebied word. Indien 'n entiteit se verslagdoeningsdatum verander en die finansiële jaarstate aangebied word vir 'n tydperk wat langer of korter as een jaar is, moet 'n entiteit benewens die tydperk wat deur die finansiële state gedek word, die volgende openbaar maak:

- (a) die rede vir die gebruik van 'n langer of korter tydperk; en**
- (b) die feit dat vergelykende bedrae vir sekere state soos die staat van finansiële prestasie, veranderinge in netto bates, kontantvloei en verbandhoudende aantekeninge nie heeltemal vergelykbaar is nie.**

- .61 Normaalweg word finansiële state konsekwent opgestel om 'n eenjaartydperk te dek.

Staat van finansiële stand

Onderskeid tussen bedryf/niebedryf

- .62 *'n Entiteit moet bedryfs- en niebedryfsbates, en bedryfs- en niebedryfslaste, as afsonderlike klassifikasies in die staat van finansiële stand self aanbied ooreenkomstig paragraaf .68 tot .78, behalwe indien 'n aanbieding gebaseer of likiditeit inligting voorsien wat betroubaar en meer relevant is. Indien hierdie uitsondering van toepassing is, moet alle bates en laste breedweg in orde van hul likiditeit aangebied word.*
- .63 *Watter metode van aanbieding ook al aanvaar word, vir elke bate- en lastelynititem wat bedrae kombineer wat na verwagting (a) nie meer as twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum; en (b) meer as twaalf maande na die verslagdoeningsdatum verhaal of vereffen sal word, moet 'n entiteit die bedrag openbaar maak wat na verwagting ná meer as twaalf maande verhaal of vereffen sal word.*
- .64 Indien 'n entiteit goedere of dienste binne 'n duidelik identifiseerbare bedryfsiklus verskaf, voorsien afsonderlike klassifikasie van bedryf- en niebedryfsbates en -laste as lynitem in die staat van finansiële stand nuttige inligting deur die netto bates te onderskei wat deurlopend as bedryfskapitaal sirkuleer van dié wat in die entiteit se langtermynbedrywighede gebruik word. Dit lig ook bates uit wat na verwagting binne die huidige bedryfsiklus gerealiseer sal word, en laste wat binne dieselfde tydperk vereffen sal word.
- .65 Vir sommige entiteite, soos finansiële instellings, voorsien 'n aanbieding van bates en laste in toenemende of afnemende orde van likiditeit inligting wat betroubaar en meer toepaslik is as 'n bedryfs-/niebedryfsaanbieding omdat die entiteit nie goedere of dienste binne 'n duidelik identifiseerbare bedryfsiklus voorsien nie.
- .66 Benewens paragraaf .62 word 'n entiteit toegelaat om sommige van sy bates en laste met gebruik van 'n bedryfs-/niebedryfsklassifikasie aan te bied, en andere in die orde van likiditeit, indien dit inligting voorsien wat betroubaar en meer toepaslik is. Die behoefte aan 'n gemengde basis van aanbieding kan ontstaan indien 'n entiteit uiteenlopende bedrywighede het.
- .67 Inligting oor die verwagte datums van realisering van bates en laste is nuttig om die likiditeit en solvensie van 'n entiteit te evalueer. Die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* vereis openbaarmaking van die vervaldatums van finansiële bates en finansiële laste. Finansiële bates sluit debiteure wat in die gewone gang van bedrywighede ontvangbaar is en ander debiteure in, en finansiële laste sluit krediteure wat in die gewone gang van sake betaalbaar is en ander krediteure in. Inligting oor die verwagte datum van verhaling en

AERP 1

aflossing van niemonetêre bates en laste soos voorraad en voorsienings is ook nuttig, ongeag of bates en laste as bedryf en niebedryf geklassifiseer word. 'n Entiteit maak byvoorbeeld die bedrag van voorraad openbaar wat na verwagting meer as twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum verhaal sal word.

Bedryfsbates

.68 *'n Bate moet as 'n bedryfsbate geklassifiseer word wanneer dit aan enige van die volgende kriteria voldoen:*

- (a) dit na verwagting gerealiseer sal word, of vir verkoop of verbruik gehou sal word, in die entiteit se normale bedryfsiklus;*
- (b) dit primêr vir die doel van verhandeling gehou word;*
- (c) dit na verwagting binne twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum gerealiseer sal word; of*
- (d) dit 'n kontant- of 'n kontantekwivalentbate is (soos in die Standaard van AERP oor Kontantvloei state omskryf word), tensy daar 'n beperking is dat dit nie vir minstens twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum geruil of gebruik mag word om 'n las af te los nie.*

Alle ander bates moet as niebedryf geklassifiseer word.

.69 Hierdie Standaard gebruik die term “niebedryfsbates” om tasbare, ontasbare en finansiële bates van 'n langtermyn aard in te sluit. Dit verbied nie die gebruik van alternatiewe beskrywings nie, solank die betekenis duidelik is.

.70 Die bedryfsiklus van 'n entiteit is die tyd wat dit neem om insette of hulpbronne in uitsette te omskep. Regerings dra byvoorbeeld hulpbronne na entiteite oor sodat hulle daardie hulpbronne in goedere en dienste, of uitsette, kan omskep om aan die regering se gewenste maatskaplike, politieke en ekonomiese uitkomst te voldoen. Indien die entiteit se normale bedryfsiklus nie duidelik identifiseerbaar is nie, word daar aanvaar dat die duur daarvan twaalf maande is. Bedryfsbates sluit in bates (soos belasting ontvangbaar, gebruikerskoste ontvangbaar, boetes en regulatoriese gelde ontvangbaar, voorraad en opgelope beleggingsinkomste) wat as deel van die normale bedryfsiklus hetsy gerealiseer, verbruik of verkoop word, selfs indien daar nie verag word dat dit binne twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum gerealiseer sal word nie. Bedryfsbates sluit ook bates in wat primêr gehou word met die doel om verhandel te word, byvoorbeeld sommige finansiële bates (die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* voorsien leiding oor die klassifikasie van finansiële bates) en die bedryfsgedeelte van finansiële niebedryfsbates.

Bedryfslaste

.71 *'n Las word as 'n bedryfslas geklassifiseer indien dit aan enige van die volgende kriteria voldoen:*

AERP 1

- (a) *dit na verwagting in die entiteit se normale bedryfsiklus afgelos sal word;*
- (b) *dit primêr vir die doel van verhandeling gehou word;*
- (c) *dit na verwagting binne twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum vereffen sal word; of*
- (d) *dit nie 'n onvoorwaardelike reg het om aflossing van die las vir minstens twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum uit te stel nie (kyk paragraaf .75). Voorwaardes van 'n las wat, volgens die keuse van die teenparty, tot gevolg kan hê dat dit deur die uitgifte van ekwiteitsinstrumente vereffen word, affekteer nie die klassifikasie daarvan nie.*

Alle ander laste moet as niebedryf geklassifiseer word.

- .72 Sommige bedryfslaste, soos regeringsoordragte betaalbaar en oploings vir werknemer- en ander bedryfskoste, is deel van die bedryfskapitaal wat in die normale bedryfsiklus van die entiteit gebruik word. Sodanige bedryfsitems word as bedryfslaste geklassifiseer indien hulle meer as twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum vereffen sal word. Dieselfde normale bedryfsiklus is op die klassifikasie van 'n entiteit se bates en laste van toepassing. Indien die entiteit se normale bedryfsiklus nie duidelik identifiseerbaar is nie, word daar aanvaar dat die duur daarvan twaalf maande is.
- .73 Ander bedryfslaste word nie as deel van die normale bedryfsiklus vereffen nie, maar is bestem vir aflossing binne twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum of word primêr gehou vir die doel om verhandel te word. Voorbeelde is sommige finansiële laste wat as gehou vir verhandeling geklassifiseer word (die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* maak voorsiening vir leiding oor die klassifikasie van finansiële laste), oortrokke bankrekeninge en die huidige deel van finansiële niebedryfslaste, dividende of soortgelyke uitkerings betaalbaar, inkomstebelastings en ander niehandelskrediteure. Finansiële laste wat finansiering op 'n langtermyngrondslag voorsien (d.w.s. nie deel van die bedryfskapitaal is wat in die entiteit se normale bedryfsiklus gebruik word nie), en nie vir aflossing binne twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum bestem is nie, is niebedryfslaste, behoudens paragraaf .76 en .77.
- .74 'n Entiteit klassifiseer sy finansiële laste as bedryf wanneer dit bestem is om binne twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum vereffen te word, selfs indien:
 - (a) die oorspronklike termyn vir 'n tydperk van langer as twaalf maande was; en
 - (b) 'n ooreenkoms om betalings op 'n langtermyngrondslag te herfinansier of te herskeduleer, ná die verslagdoeningsdatum voltooi word en vóór die finansiële state vir uitreiking gemagtig is.
- .75 Indien 'n entiteit verwag, en die diskresie het, om 'n verpligting vir minstens twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum ooreenkomstig 'n bestaande

AERP 1

leningsfasiliteit te herfinansier of oor te rol, klassifiseer hy die verpligting as niebedryf, selfs indien dit andersins binne 'n korter tydperk verskuldig sou wees. Indien die herfinansiering of oorrol van die verpligting nie na die goeddunke van die entiteit gedoen kan word nie (waar daar byvoorbeeld geen ooreenkoms tot herfinansiering is nie), word die potensiaal om te herfinansier nie in aanmerking geneem nie en word die verpligting as bedryf geklassifiseer.

- .76 Indien 'n entiteit voor of op die verslagdoeningsdatum 'n onderneming of ooreenkoms ingevolge 'n langtermynleningsooreenkoms verbreek, met die uitwerking dat die las op aanvraag betaalbaar word, word die las as bedryf geklassifiseer, selfs indien die lener daartoe ingestem het, ná die verslagdoeningsdatum en voor die magtiging van die finansiële state vir uitreiking, om nie betaling as gevolg van die breuk te eis nie. Die las word as bedryf geklassifiseer omdat, op die verslagdoeningsdatum, die entiteit nie 'n onvoorwaardelike reg het om sy aflossing vir minstens twaalf maande ná daardie datum uit te stel nie.
- .77 Die las word egter as niebedryf geklassifiseer indien die uitlener ooreengekom het om teen die verslagdoeningsdatum 'n grasietydperk te voorsien wat minstens twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum eindig en waarbinne die entiteit 'n breuk kan regstel en waartydens die uitlener nie onmiddellike betaling kan eis nie.
- .78 Ten opsigte van lenings wat as bedryfslaste geklassifiseer word, indien die volgende gebeur het tussen die verslagdoeningsdatum en die datum waarop die finansiële state vir uitreiking gemagtig word, kwalifiseer daardie gebeure vir openbaarmaking in oorstemming met die Standaard van AERP *Gebeure ná die Verslagdoeningsdatum* as nie-aansuiweringsgebeure:
 - (a) herfinansiering op 'n langtermyngrondslag;
 - (b) regstelling van 'n breuk van 'n langtermynleningsooreenkoms; en
 - (c) die ontvangs van die lener van 'n grasietydperk om 'n breuk van 'n langtermynleningsooreenkoms wat binne twaalf maande ná die verslagdoeningsdatum eindig, reg te stel.

Inligting wat as lynitems in die staat van finansiële stand aangebied moet word

- .79 ***As 'n minimum moet die staat van finansiële stand self die lynitems insluit wat die volgende bedrae aanbied:***
 - (a) ***eiendom, aanleg en toerusting;***
 - (b) ***beleggingseiendom;***
 - (c) ***ontasbare bates;***
 - (d) ***erfenisbates;***
 - (e) ***finansiële bates (uitgesonderd bedrae wat onder (e), (g), (h) en (i) aangetoon word);***

AERP 1

- (f) *beleggings wat met gebruik van die ekwiteitsmetode in rekening gebring is;*
 - (g) *voorraad;*
 - (h) *biologiese bates wat deel van 'n landbouaktiwiteit uitmaak;*
 - (i) *debiteure uit nie-uitruiltransaksies (belastings en oordragte);*
 - (j) *debiteure uit uitruiltransaksies;*
 - (k) *kontant en kontantekwivalente;*
 - (l) *belastings en oordragte betaalbaar;*
 - (m) *krediteure uit uitruiltransaksies;*
 - (n) *voorsienings;*
 - (o) *laste en bates vir huidige en uitgestelde belasting, indien toepaslik (soos omskryf in die International Accounting Standard on Income Taxes);*
 - (p) *finansiële laste (uitgesonderd bedrae wat onder (k), (l) en (m) aangetoon word);*
 - (q) *minderheidsbelang, aangebied binne netto bates; en*
 - (r) *netto bates (wat bestaan uit kapitaal bygedra en reserwes) wat aan eienaars van die beherende entiteit toeskryfbaar is.*
- .80 *Addisionele lynitems, opskrifte en subtotale moet in die die staat van finansiële stand self aangebied word wanneer sodanige aanbieding toepaslik is vir die begrip van die entiteit se finansiële stand.*
- .81 *Indien 'n entiteit bedryfs- en niebedryfsbates en bedryfs- en niebedryfslaste, as afsonderlike klassifikasies in die vorm van lynitems in sy staat van finansiële stand aanbied, moet hy nie uitgestelde belastingbates (-laste) as bedryfsbates (-laste) klassifiseer nie.*
- .82 Hierdie Standaard skryf nie die volgorde of formaat voor waarin items aangebied moet word nie. Paragraaf .79 voorsien eenvoudig 'n lys items wat toereikend in aard of funksie van mekaar verskil om afsonderlike aanbieding as lynitems in die staat van finansiële stand regverdig. Hierbenewens:
- (a) word lynitems ingesluit indien die grootte, aard of funksie van 'n item of samevoeging van soortgelyke items sodanig is dat afsonderlike aanbieding relevant vir die begrip van die entiteit se finansiële stand is; en
 - (b) word die beskrywings gebruik en mag die ordening van items of samevoeging van soortgelyke items volgens die aard van die entiteit en sy transaksies gewysig word om inligting te voorsien wat relevant vir 'n begrip van die entiteit se finansiële stand is.
- .83 Die oordeel daaroor of bykomende items afsonderlik aangebied word, word gegrond op 'n evaluering van:

AERP 1

- (a) die aard en likiditeit van bates;
 - (b) die funksies van bates binne die entiteit; en
 - (c) die bedrae, aard en tydsberekening van laste.
- .84 Die gebruik van verskillende metingsgrondslae vir verskillende klasse bates dui daarop dat die aard of funksie daarvan verskil en dat hulle dus as afsonderlike lynitems aangebied behoort te word. Verskillende klasse eiendom, aanleg en toerusting kan byvoorbeeld teen kosprys of herwaardeerde bedrae ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* gedra word.

Inligting wat hetsy as lynitems in die staat van finansiële stand of in die aantekeninge aangebied moet word

- .85 ***'n Entiteit moet, hetsy as lynitems in die staat van finansiële stand of in die aantekeninge by die staat van finansiële stand verdere subklassifikasies openbaar maak van die lynitems wat aangebied word, geklassifiseer op 'n wyse wat toepaslik vir die entiteit se bedrywighede is.***
- .86 Die besonderhede wat in subklassifikasies voorsien word, hang af van die vereistes van die Standaard van AERP en van die grootte, aard en funksie van die bedrae wat betrokke is. Die faktore wat in paragraaf .83 uiteengesit word, word ook gebruik om oor die grondslag van subklassifikasie te besluit. Die openbaarmakings wissel vir elke item, byvoorbeeld:
- (a) items van eiendom, aanleg en toerusting word in klasse geskei ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting*;
 - (b) debiteure word geskei in bedrae ontvangbaar uit gebruikerskoste, belastinge en ander nie-uitruilinkomste, ander lede van die ekonomiese entiteit, debiteure van verwante partye, vooruitbetalings en ander bedrae;
 - (c) voorraad word gesubklassifiseer ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorraad*, in klassifikasies soos handelsware, produksievoorraad, materiaal, werk-in-proses en klaarprodukte;
 - (d) belastinge en oordragte betaalbaar word geskei in belastingterugbetalings wat betaalbaar is, oordragte wat betaalbaar is en bedrae wat aan ander lede van die ekonomiese entiteit betaalbaar is;
 - (e) voorsienings word geskei in voorsienings vir werknemersvoordeelkoste en enige ander items; en
 - (f) komponente van netto bates word ontleed en geskei in kapitaal bygedra, opgehoopde surplusse en tekorte, asook enige reserwes.
- .87 ***Indien 'n entiteit geen aandelekapitaal het nie, moet hy die volgende vir netto bates afsonderlik openbaar maak, hetsy as lynitems in die staat van finansiële stand of in die aantekeninge.***

AERP 1

- (a) kapitaal bygedra, wat die kumulatiewe totaal op die verslagdoeningsdatum is van bydraes van eienaars, minus uitkerings aan eienaars;**
- (b) opgehoopte surplusse of tekorte;**
- (c) reserwes, met inbegrip van 'n beskrywing van die aard en doel van elke reserwe binne netto bates; en**
- (d) minderheidsbelange.**

.88 Baie entiteite sal nie aandelekapitaal hê nie, maar die entiteit sal uitsluitlik deur 'n ander entiteit beheer word. Die aard van die regering se belang in die netto bates van die entiteit sal waarskynlik 'n kombinasie van kapitaal bygedra en die totaal van die entiteit se opgehoopte surplusse of tekorte en reserwes wees – wat die netto bates toeskryfbaar aan die entiteit se bedrywighede weerspieël.

.89 In sommige gevalle kan daar 'n minderheidsbelang in die netto bates van die entiteit wees. Op regeringsvlak in die geheel kan die ekonomiese entiteit byvoorbeeld 'n regeringsakeonderneming insluit wat gedeeltelik geprivatiseer is. Dienooreenkomstig kan daar private aandeelhouders wees wat 'n finansiële belang in die netto bates van die entiteit het.

.90 **Indien 'n entiteit aandelekapitaal het, moet hy, benewens die openbaarmakings in paragraaf .87, die volgende openbaar maak, hetsy as lynitems in die staat van finansiële stand of in die aantekeninge:**

(a) vir elke klas aandelekapitaal:

- (i) die getal aandele gemagtig;**
- (ii) die getal aandele uitgereik en ten volle betaal, en uitgereik maar nie ten volle betaal nie;**
- (iii) pariwaarde per aandeel, of dat die aandele geen pariwaarde het nie;**
- (iv) 'n rekonsiliasie van die getal aandele wat aan die begin en aan die einde van die jaar uitstaande is;**
- (v) die regte, voorkeure en beperkings wat met daardie klas verband hou, met inbegrip van beperkings op die uitkering van dividende en die betaling van kapitaal;**
- (vi) aandele in die entiteit wat deur die entiteit of deur sy beheerde entiteite of geassosieerdes gehou word; en**
- (vii) aandele gereserveer vir uitreiking ooreenkomstig opsies en kontrakte vir die verkoop van aandele, met inbegrip van die termyne en bedrae; en**

(b) 'n beskrywing van die aard en doel van elke reserwe binne netto bates.

Staat van finansiële prestasie

Surplus of tekort vir die tydperk

- .91** *Indien bestuur, op die verslagdoeningsdatum, 'n besluit geneem het om 'n beduidende bate of groep bates en laste te vervreem, of 'n komponent van 'n entiteit (kyk die Standaard van AERP oor Gestaakte Bedrywighede), moet die entiteit die volgende inligting openbaar maak:*
- (a) *'n beskrywing van die bate(s), groep bates en laste, of komponent;*
 - (b) *die drawaardes van die bates of, indien die vervreemding 'n groep bates en laste of 'n komponent van 'n entiteit behels, die drabedrae van daardie bates en laste;*
 - (c) *'n beskrywing van die feite en omstandighede van die vervreemding, met inbegrip daarvan of enige verdere goedkeurings vereis word, en die verwagte verkoops- of oordragdatum;*
 - (d) *besonderhede van enige vervreemdings wat gedurende die jaar voltooi is; en*
 - (e) *'n beskrywing van enige omstandighede wat tot gevolg kon gehad het dat 'n besluit om 'n bate te vervreem gedurende die verslagdoeningstydperk omgekeer is.*
- .92** *Die openbaarmakings in paragraaf .91 word slegs vereis vir daardie bates of groepe bates en laste wat beduidend vir 'n entiteit en sy bedrywighede is. Of 'n bate of 'n groep bates en laste beduidend is, is 'n kwessie van oordeel. 'n Bate of groep bates en laste kan byvoorbeeld beduidend vir 'n entiteit wees indien:*
- (a) *die bates gebruik word om die minimum vlak van basiese dienste te voorsien;*
 - (b) *vervreemding van die bate die entiteit se kredietgradering kan beïnvloed;*
 - (c) *die gemeenskap 'n belang het in of geraak sal word deur die vervreemding van die bate; of*
 - (d) *die bate 'n hoë waarde in verhouding tot 'n besondere klas bate of groep bates en/of laste het.*
- .93** *Alle inkomste- en uitgawe-items wat gedurende 'n tydperk erken word, moet by die surplus of tekort ingesluit word, tensy 'n Standaard van AERP anders vereis of toelaat.*
- .94** Gewoonlik word alle inkomste- en uitgawe-items wat in 'n tydperk erken word, by surplus of tekort ingesluit. Dit sluit die uitwerkings in van veranderinge in rekeningkundige ramings. Omstandighede kan egter bestaan waar spesifieke items uit surplus of tekort vir die huidige tydperk uitgesluit kan word. Die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleid, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* behandel twee sulke stelle omstandighede: die regstelling van foute en die uitwerking van veranderinge in

AERP 1

rekeningkundige beleid.

- .95 Ander Standaard van AERP behandel items wat kan voldoen aan die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* se woordbepalings vir inkomste en uitgawes, maar wat gewoonlik uit surplus of tekort uitgesluit word. Voorbeelde sluit in herwaardasiesurplusse (kyk die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting*) en spesifieke winste en verliese voortspruitend uit die omskakeling van finansiële state van 'n buitelandse bedrywigheid (kyk die Standaard van AERP oor *Die Uitwerking van Veranderinge in Valutakoerse*).

Inligting wat as lynitems in die staat van finansiële prestasie aangebied moet word

- .96 ***As 'n minimum moet die staat van finansiële prestasie self lynitems insluit wat die volgende bedrae vir die tydperk aanbied:***
- (a) inkomste;***
 - (b) finansieringskoste;***
 - (c) deel van die surplusse of tekorte van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings wat met gebruik van die ekwiteitsmetode in rekening gebring is;***
 - (d) belastingonkoste (indien toepaslik);***
 - (e) 'n enkelbedrag wat bestaan uit die volgende:***
 - (i) die nabelaste surplus of tekort van gestaakte bedrywigheide; en***
 - (ii) die nabelaste wins of verlies wat erken is by die meting van billike waarde minus die koste om te verkoop of by die vervreemding van die bates of vervreemdingsgroep(e) wat die gestaakte bedrywigheid uitmaak; en***
 - (f) surplus of tekort.***
- .97 ***Die volgende items moet as lynitems in die staat van finansiële prestasie as toewysings van surplusse of tekorte vir die tydperk openbaar gemaak word:***
- (a) surplus of tekort toeskryfbaar aan minderheidsbelang; en***
 - (b) surplus of tekort toeskryfbaar aan eienaars van die beherende entiteit.***
- .98 ***Bykomende lynitems, opskrifte en subtotale moet as lynitems in die staat van finansiële prestasie aangebied word indien sodanige aanbieding toepaslik is vir 'n begrip van die entiteit se finansiële prestasie.***
- .99 Omdat die uitwerkings van 'n entiteit se verskillende aktiwiteite, transaksies en ander gebeure verskil wat betref hul impak op die vermoë van die entiteit om sy dienslewingsverpligtinge na te kom, is openbaarmaking van die

AERP 1

komponente van finansiële prestasie van hulp by die verstaan van die finansiële prestasie wat behaal is en om projeksies van toekomstige resultate te maak. Bykomende lynitems word in die staat van finansiële prestasie self ingesluit, en die beskrywings wat gebruik word en die ordening van items word gewysig indien dit nodig is om die elemente van prestasie te verduidelik. Faktore wat oorweeg moet word, sluit wesenlikheid en die aard en funksie van die komponente van inkomste en uitgawes in. Inkomste- en uitgawe-items word nie verreken tensy daar aan die kriteria in paragraaf .39 voldoen word nie.

- .100** *'n Entiteit mag geen inkomste- en uitgawe-items as buitengewone items aanbied nie, hetsy as lynitems in die staat van finansiële prestasie of in die aantekeninge.*

Inligting wat hetsy as lynitems in die staat van finansiële prestasie of in die aantekeninge aangebied moet word

- .101** *Indien inkomste- en uitgawe-items wesenlik is, moet die aard en bedrag daarvan afsonderlik openbaar gemaak word.*
- .102** Omstandighede wat aanleiding tot die afsonderlike openbaarmaking van inkomste- en uitgawe-items sou gee, sluit in:
- (a) die afwaardasies van voorraad tot netto realiseerbare waarde of huidige vervangingskoste van eiendom, aanleg en toerusting tot die verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag, sowel as die omswaaiings van sodanige afwaardasies;
 - (b) herstrukturering van die aktiwiteite van 'n entiteit en die omswaaiings van enige voorsienings vir die koste van herstrukturering;
 - (c) vervreemdings van items van eiendom, aanleg en toerusting;
 - (d) vervreemdings van beleggings;
 - (e) gestaakte bedrywighede;
 - (f) skikkings van regsgedinge;
 - (g) ander omswaaiings van voorsienings; en
 - (h) die verskil tussen die bates wat verkry is en aanspreeklikhede wat aanvaar is en die teenprestasie wat oorgedra is aan 'n verkrygte (indien daar is) in 'n oordrag van funksies tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie.
- .103** *'n Entiteit moet 'n subklassifikasie van totale inkomste aanbied, geklassifiseer op 'n wyse wat toepaslik vir die entiteit se bedrywighede is.*
- .104** *'n Entiteit moet 'n ontleding van uitgawes aanbied met gebruik van 'n klassifikasie wat op hetsy die aard van uitgawes of hul funksie binne die entiteit gegrond is, wat ook al inligting voorsien wat betroubaar en meer*

AERP 1

relevant is.

- .105 Entiteite word aangemoedig om die ontleding in paragraaf .104 as lynitems in die staat van finansiële prestasie aan te bied.
- .106 Uitgawes word gesubklassifiseer om die koste en kosteverhalings van spesifieke programme, aktiwiteite of ander toepaslike segmente van die verslagdoeningsentiteit uit te lig. Hierdie inligting kan op een van twee wyses voorsien word.
- .107 Die eerste vorm van ontleding is die aard-van-uitgawes-metode. Uitgawes word in die staat van finansiële prestasie volgens hul aard saamgevoeg (byvoorbeeld waardevermindering, aankope van materiaal, vervoerkoste, werknemersvoordele en advertensiekoste), en word nie onder verskillende funksies binne die entiteit hertoegedeel nie. Hierdie metode kan eenvoudig wees om toe te pas omdat geen toedelings van uitgawes tussen funksionele klassifikasies nodig is nie. 'n Voorbeeld van klassifikasie wat die aard-van-uitgawes-metode gebruik, is soos volg:
- | | | |
|--|------------|---|
| Inkomste | | X |
| Werknemersvoordeelkoste | (X) | |
| Waardeverminderings- en amortisasiekoste | (X) | |
| Ander uitgawes | <u>(X)</u> | |
| Surplus | <u>X</u> | |
- .108 Die tweede vorm van ontleding is die funksie-van-uitgawes-metode en klassifiseer die uitgawes volgens die program of doel waarvoor hulle aangegaan is. Hierdie aanbieding voorsien dikwels meer toepaslike inligting aan gebruikers as die klassifikasie van uitgawes volgens hul aard, maar toedeling van koste aan funksies kan arbitrêre toedelings nodig maak en aansienlike oordeel behels. 'n Voorbeeld van 'n klassifikasie wat die funksie-van-uitgawes-metode gebruik, is soos volg:
- | | | |
|---------------------|------------|-----|
| Totale inkomste | | X |
| Uitgawes: | | |
| Gesondheidsuitgawes | | (X) |
| Onderwysuitgawes | (X) | |
| Ander uitgawes | <u>(X)</u> | |
| Surplus | <u>X</u> | |
- .109 Die uitgawes wat verband hou met die hoof funksies wat die entiteit onderneem, word afsonderlik aangetoon. In hierdie voorbeeld het die entiteit funksies wat met die voorsiening van gesondheids- en onderwysdienste verband hou. Die entiteit sal uitgawelynitens vir elk van hierdie funksies aanbied.

AERP 1

- .110** *Entiteite wat uitgawes volgens funksie klassifiseer, moet bykomende inligting oor die aard van uitgawes openbaar maak, met inbegrip van waardeverminderings- en amortisasie-uitgawes, asook uitgawes aan werknemersvoordele.*
- .111** Die keuse tussen die funksie-van-uitgawes-metode en die aard-van-uitgawes-metode hang af van historiese en regulatoriese faktore en die aard van die entiteit. Albei metodes voorsien 'n aanduiding van daardie koste wat, regstreeks en onregstreeks, met die uitsette van die entiteit kan varieer. Omdat elke metode van aanbidding sy meriete vir verskillende tipes entiteite het, vereis hierdie Standaard van bestuur om die mees toepaslike en betroubare aanbidding te kies. Omdat inligting oor die aard van uitgawes egter nuttig is om toekomstige kontantvloei te voorspel, word bykomende openbaarmaking vereis indien die klassifikasie van funksie van uitgawes gebruik word.
- .112** *Indien 'n entiteit 'n dividend of soortgelyke uitkering aan sy eienaars voorsien, moet hy, hetsy as lynitems in die staat van finansiële prestasie of in die staat van veranderinge in netto bates of in die aantekeninge, die bedrae van dividende of soortgelyke uitkerings wat gedurende die tydperk as uitkerings aan eienaars erken word asook die verbandhoudende bedrag van die dividende per aandeel (indien die entiteit aandeelkapitaal het) openbaar maak.*

Staat van veranderinge in netto bates

- .113** *'n Entiteit moet 'n staat van veranderings in netto bates aanbied soos deur paragraaf .11 vereis. Die staat van veranderinge in netto bates sluit die volgende inligting in:*
- (a) die surplus of tekort vir die tydperk;*
 - (b) elke inkomste- en uitgawe-item vir die tydperk wat, soos deur ander Standaarde van AERP vereis, regstreeks in netto bates erken word, en die totaal van daardie items;*
 - (c) totale inkomste en uitgawes vir die tydperk (bereken as die som van (a) en (b)), wat die totale bedrae aantoon wat aan eienaars van die beherende entiteit en aan minderheidsbelange afsonderlik toeskryfbaar is;*
 - (d) vir elke komponent van netto bates, die uitwerkings van veranderinge in rekeningkundige beleid en die regstellings van foute wat erken word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderings in Rekeningkundige Ramings en Foute; en*
 - (e) vir elke komponent van netto bates, die uitwerking van 'n oordrag van funksies en 'n samesmelting ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer of oor Samesmeltings.*

AERP 1

- .114 'n Entiteit moet ook, hetsy as lynitems in die staat van veranderinge in netto bates of in die aantekeninge, die volgende aanbied:**
- (a) die bedrae van transaksies met eienaars wat in hul hoedanigheid as eienaars optree, wat uitkerings aan eienaars afsonderlik toon;**
 - (b) die saldo van opgelope surplus of tekorte aan die begin van die tydperk en op die verslagdoeningsdatum, en die veranderinge gedurende die tydperk; en**
 - (c) in die mate dat komponente van netto bates afsonderlik openbaar gemaak word, 'n rekonsiliasie tussen die drabedrag van elke komponent van netto bates en elke reserve aan die begin en aan die einde van die tydperk, wat elke verandering afsonderlik openbaar maak.**
- .115 Veranderinge in 'n entiteit se netto bates tussen twee verslagdoeningsdatums weerspieël die styging of daling in sy netto bates gedurende die tydperk.
- .116 Die algehele verandering in netto bates verteenwoordig die totale surplus of tekort vir die tydperk, met ander inkomste en uitgawes wat regstreeks as veranderinge in netto bates erken word, tesame met enige bydraes deur, en uitkerings aan, eienaars in hul hoedanigheid as eienaars.
- .117 Bydraes deur, en bydraes aan, eienaars sluit oordragte tussen twee entiteite binne 'n ekonomiese entiteit in (byvoorbeeld 'n oordrag van 'n regering, wat in sy hoedanigheid as eienaar optree, aan 'n staatsdepartement). Bydraes deur eienaars, in hul hoedanigheid as eienaars, tot beheerde entiteite word as 'n regstreekse aansuiwering van netto bates erken slegs indien hulle eksplisiet residuele belange in die entiteit in die vorm van regte op netto bates tot gevolg het.
- .118 Hierdie Standaard vereis dat alle inkomste- en uitgawe-items wat in 'n tydperk erken word by surplus of tekort vir die tydperk ingesluit word, tensy 'n ander Standaard van AERP anders vereis. Ander Standaarde van AERP vereis dat sommige items (soos herwaardasiesurplusse en -tekorte, en spesifiek valutaverskille) regstreeks as veranderinge in netto bates erken word. Omdat dit belangrik is om alle inkomste- en uitgawe-items te oorweeg wanneer veranderinge in 'n entiteit se finansiële stand tussen twee verslagdoeningsdatums geëvalueer word, vereis hierdie Standaard 'n staat van veranderinge in netto bates wat 'n entiteit se totale inkomste en uitgawes uitlig, met inbegrip van dié wat regstreeks in netto bates erken word.
- .119 Die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* vereis terugwerkende aansuiwerings om veranderinge in rekeningkundige beleid te bewerkstellig, in die mate wat dit prakties uitvoerbaar is, behalwe indien die oorgangsbepalings in 'n ander Standaard van AERP anders vereis. Die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* vereis ook dat hersamestellings om foute reg te stel terugwerkend

AERP 1

gemaak word, in die mate wat dit prakties uitvoerbaar is. Terugwerkende aansuiwerings en terugwerkende hersamestellings word aan die saldo van opgelope surplusse of tekorte gemaak, behalwe indien 'n Standaard van AERP terugwerkende aansuiwering van 'n ander komponent van netto bates vereis. Paragraaf .113(d) vereis openbaarmaking in die staat van veranderinge in netto bates van die totale aansuiwering aan elke komponent van netto bates wat, afsonderlik, uit veranderinge in rekeningkundige beleid en uit regstellings van foute voortspruit. Hierdie aansuiwerings word vir elke vorige tydperk en die begin van die tydperk openbaar gemaak.

- .120 Daar kan ook aan die vereistes in paragraaf .113 en .114 voldoen word deur 'n kolomformaat te gebruik wat die begin- en eindsaldo's van elke element binne netto bates rekonsilieer. 'n Alternatief is om slegs die items wat in paragraaf .113 van die staat van veranderinge in netto bates uiteengesit word, aan te bied. Volgens hierdie benadering word die items wat in paragraaf .114 beskryf word, in die aantekeninge aangetoon.

Kontantvloeistaat

- .121 Kontantvloei-inligting voorsien gebruikers van finansiële state van 'n grondslag om die vermoë van die entiteit te evalueer om kontant en kontantekwivalente te genereer en die behoeftes van die entiteit om daardie kontantvloei te benut. Die Standaard van AERP oor *Kontantvloei-state* sit vereistes vir die aanbieding van die kontantvloeistaat en verwante openbaarmakings uiteen.

Aantekeninge

Struktuur

- .122 ***Die aantekeninge moet:***

- (a) ***inligting oor die grondslag van opstelling van die finansiële state en die spesifieke rekeningkundige beleid aanbied wat ooreenkomstig paragraaf .127 tot .134 gebruik is;***
- (b) ***die inligting openbaar maak wat deur Standaarde van AERP vereis word wat nie as lynitems in die staat van finansiële stand, staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates, kontantvloeistaat of staat van vergelyking van begrote en werklike bedrae aangebied word nie; en***
- (c) ***bykomende inligting voorsien wat nie as lynitems in die staat van finansiële stand, staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates, kontantvloeistaat of staat van vergelyking van begrote en werklike bedrae aangebied word nie, maar toepaslik vir 'n begrip van enige van hulle is.***

- .123 ***Aantekeninge moet, sover prakties moontlik, op 'n sistematiese wyse aangebied word. Elke lynitem in die staat van finansiële stand, staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates,***

AERP 1

kontantvloeistaat en staat van vergelyking van begrote en werklike bedrae moet na enige verwante inligting in die aantekeninge kruisverwys word.

- .124 Aantekeninge word normaalweg in die volgende orde aangebied, wat gebruikers help om die finansiële state te verstaan en hulle met finansiële state van ander entiteite te vergelyk:
- (a) 'n verklaring van voldoening aan Standaarde van AERP (kyk paragraaf .18);
 - (b) 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide wat toegepas is (kyk paragraaf .127);
 - (c) ondersteunende inligting vir items wat as lynitems in die staat van finansiële stand, staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates, kontantvloeistaat of staat van vergelyking van begrote en werklike bedrae aangebied word, in die orde waarin elke lynitem en elke finansiële staat aangebied word; en
 - (d) ander openbaarmakings, met inbegrip van:
 - (i) (i) voorwaardelike laste (kyk die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Laste en Voorwaardelike Bates*) en kontraktuele verbindensisse wat nie erken is nie; en
 - (ii) nie-finansiële openbaarmakings, bv. die entiteit se oogmerke en beleid vir bestuur van finansiële risiko (kyk die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*).
- .125 In sommige omstandighede kan dit nodig of gewens wees om die ordening van spesifieke items binne die aantekeninge te varieer. Inligting oor veranderinge in billike waarde wat in surplus of tekort erken word, kan byvoorbeeld met inligting oor vervaldatums van finansiële instrumente gekombineer word, hoewel eersgenoemde openbaarmakings met die staat van finansiële prestasie en laasgenoemde met die staat van finansiële stand verband hou. Nogtans moet 'n sistematiese struktuur vir die aantekeninge so ver prakties moontlik behou word.
- .126 Aantekeninge voorsien inligting oor die grondslag van opstelling van die finansiële state en spesifieke rekeningkundige beleide kan as 'n afsonderlike komponent van die finansiële state aangebied word.

Openbaarmaking van rekeningkundige beleide

- .127 ***'n Entiteit moet in die opsomming van beduidende rekeningkundige beleide die volgende openbaar maak:***
- (a) ***die metingsgrondslag (of -grondslae) wat by die opstel van die finansiële state gebruik is;***
 - (b) ***die mate waarin die entiteit enige oorgangsbepalings van die Standaarde van AERP toegepas het; en***

AERP 1

(c) die ander rekeningkundige beleide wat toepaslik is vir 'n begrip van die finansiële state.

- .128 Dit is belangrik vir gebruikers om ingelig te wees oor die metingsgrondslag (of -grondslae) wat in die finansiële state gebruik word (byvoorbeeld historiese koste, huidige vervangingskoste, realiseerbare waarde, billike waarde, verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag), omdat die grondslag waarop die finansiële state opgestel word, die ontleding daarvan beduidend beïnvloed. Indien meer as een metingsgrondslag in die finansiële state gebruik word, byvoorbeeld wanneer spesifieke klasse bates herwaardeer word, is dit toereikend om 'n aanduiding te gee van die kategorieë van bates en laste waarop elke metingsgrondslag toegepas word.
- .129 In die besluit daaroor of 'n spesifieke rekeningkundige beleid openbaar gemaak moet word, oorweeg bestuur of openbaarmaking gebruikers sal help om te verstaan hoe transaksies, ander gebeure en toestande in die gerapporteerde finansiële prestasie en finansiële weerspieël word. Openbaarmaking van besondere rekeningkundige beleide is veral nuttig vir gebruikers indien daardie beleide gekies word uit alternatiewe wat in die Standaard van AERP toegelaat word. 'n Voorbeeld is openbaarmaking daarvan of 'n ondernemer sy belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit met gebruik van proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode erken (kyk die Standaard van AERP oor *Belange in Gesamentlike Ondernemings*). Sommige Standaarde van AERP vereis spesifiek openbaarmaking van spesifieke rekeningkundige beleide, met inbegrip van keuses wat deur bestuur gemaak word tussen beleide wat hulle toelaat. Die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* vereis byvoorbeeld openbaarmaking van die metingsgrondslae vir klasse van eiendom, aanleg en toerusting.
- .130 Elke entiteit oorweeg die aard van sy bedrywighede en die beleide wat die gebruikers van sy finansiële state sou verwag vir daardie tipe entiteit openbaar gemaak moet word. Entiteite sou byvoorbeeld verwag dat 'n rekeningkundige beleid vir die erkenning van belastinge, skenkings en ander vorme van nie-uitruilinkomste openbaar gemaak word. Indien 'n entiteit beduidende buitelandse bedrywighede of transaksies in buitelandse geldeenhede het, sou openbaarmaking van rekeningkundige beleide vir die erkenning van valutawinste en -verliese verwag word. Indien entiteitskombineerings voorgekom het, word die beleide wat vir die meting van klandisiewaarde en minderheidsbelang gebruik is, openbaar gemaak.
- .131 'n Rekeningkundige beleid kan beduidend wees as gevolg van die aard van die entiteit se bedrywighede selfs indien bedrae vir huidige en vorige tydperke nie wesenlik is nie. Dit is ook toepaslik om enige beduidende rekeningkundige beleid openbaar te maak wat nie spesifiek deur die Standaard van AERP vereis word nie, maar ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* gekies en toegepas word.

AERP 1

- .132 'n Entiteit moet, in die opsomming van beduidende rekeningkundige beleide of ander aantekeninge, die oordele benewens dié waarby ramings betrokke is (kyk paragraaf .135), wat bestuur gemaak het in die proses van toepassing van die entiteit se rekeningkundige beleide en wat die mees beduidende uitwerking gehad het op die bedrae wat in die finansiële state erken word, openbaar maak.**
- .133 In die proses van toepassing van die entiteit se rekeningkundige beleide, maak bestuur verskeie oordele, benewens dié wat ramings behels, wat die bedrae van items wat in die finansiële state erken word, beduidend kan beïnvloed. Bestuur sal byvoorbeeld oordele maak in die bepaling van:
- (a) of bates beleggingseiendomme is;
 - (b) indien wesenlik al die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van finansiële bates en huurbates aan ander entiteite oorgedra word;
 - (c) of spesifieke verkope van goedere in wese finansieringsreëlings is en daarom nie tot inkomste aanleiding gee nie; en
 - (d) of die wese van die verwantskap tussen die entiteit en 'n entiteit vir spesiale doeleindes daarop dui dat die entiteit vir spesiale doeleindes deur die entiteit beheer word.
- .134 Sommige van die openbaarmakings wat ooreenkomstig paragraaf .132 gemaak word, word deur ander Standaarde van AERP vereis. Die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* vereis byvoorbeeld van 'n entiteit om die redes openbaar te maak hoekom die entiteit se eienaarskapsbelang nie beheer uitmaak nie, ten opsigte van 'n beleggingnemer wat nie 'n beheerde entiteit is nie, selfs al word meer as die helfte van sy stemreg of potensiële stemreg regstreeks of onregstreeks deur beheerde entiteite besit. Die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom* vereis openbaarmaking van die kriteria wat die entiteit ontwikkel het om beleggingseiendom van eienaargeokkupeerde eiendom en van eiendom gehou vir verkoop in die normale gang van sake te onderskei, indien klassifikasie van die eiendom moeilik is.

Sleutelbronne van ramingsonsekerheid

- .135 'n Entiteit moet in die aantekeninge inligting oor die sleutelveronderstelling betreffende die toekomstige en ander sleutelbronne van ramingsonsekerheid op die verslagdoeningsdatum openbaar maak wat 'n beduidende risiko inhou om 'n wesenlike aansuiwering aan die drabedrae van bates en laste binne die volgende finansiële jaar te veroorsaak. Ten opsigte van daardie bates en laste moet die aantekeninge besonderhede van die volgende insluit oor:**
- (a) die aard daarvan; en**
 - (b) hul drabedrag soos op die verslagdoeningsdatum.**
- .136 Bepaling van die drabedrae van sommige bates en laste vereis raming van die

AERP 1

uitwerkings van onsekere toekomstige gebeure op daardie bates en laste op die verslagdoeningsdatum. In die afwesigheid van onlangs waargeneemde markpryse wat gebruik is om die volgende bates en laste te meet, is toekomsgeoriënteerde ramings byvoorbeeld nodig om die verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag van klasse van eiendom, aanleg en toerusting, die uitwerking van tegnologiese veroudering op voorraad, voorsienings onderworpe aan die toekomstige uitkoms van regsgedinge wat aan die gang is en langtermyn-werknemersvoordeellaste soos pensioenverpligtinge te meet. Hierdie ramings behels veronderstellings oor items soos die risikoansuiwering van kontantvloeï of diskontokoerse wat gebruik is, toekomstige verandering in salarisse en toekomstige veranderinge in pryse wat ander koste beïnvloed.

- .137 Die sleutelveronderstellings en ander bronne van ramingsonsekerheid wat in ooreenstemming met paragraaf .135 openbaar gemaak word, hou verband met die ramings wat bestuur se moeilikste, subjektiewe of komplekse oordele vereis. Na gelang die getal veranderlikes en veronderstellings toeneem wat die moontlike toekomstige oplossing van die onsekerhede beïnvloed, word daardie oordele meer subjektief en kompleks, en die potensiaal vir 'n gevolglike wesenlike aansuiwering aan die drabedrae van bates en laste styg normaalweg dienoreenkomstig.
- .138 Die openbaarmakings in paragraaf .135 word nie vereis vir bates en laste met 'n beduidende risiko dat hul drabedrae wesenlik binne die volgende finansiële jaar kan verander nie indien, op die verslagdoeningsdatum, hulle teen billike waarde gemeet word op grond van onlangs waargeneemde markpryse (hul billike waardes kan wesenlik binne die volgende finansiële jaar verander, maar hierdie veranderinge sou nie voortspruit uit veronderstellings of ander bronne van ramingsonsekerheid op die verslagdoeningsdatum nie).
- .139 Die openbaarmakings in paragraaf .135 word aangebied op 'n wyse wat gebruikers van finansiële state help om die oordele te verstaan wat bestuur maak oor die toekoms en oor ander sleutelbronne van ramingsonsekerheid. Die aard en omvang van die inligting wat voorsien word, wissel volgens die aard van die veronderstelling en ander omstandighede. Voorbeelde van die tipes openbaarmakings wat gemaak word, is:
- (a) die aard van die veronderstelling of ander ramingsonsekerheid;
 - (b) die sensitiwiteit van drabedrae vir die metodes, veronderstellings en ramings onderliggend aan die berekening daarvan, met inbegrip van die redes vir die sensitiwiteit;
 - (c) die verwagte oplossing van 'n onsekerheid en die verskeidenheid van redelik moontlike uitkomste binne die volgende finansiële jaar ten opsigte van die drabedrae van die bates en laste wat beïnvloed word; en
 - (d) 'n verduideliking van veranderinge wat aan vorige veronderstellings rakende daardie bates en laste gemaak is, indien die onsekerheid onopgelos bly.

Dit is nie nodig om begrotingsinligting of voorspellings in die openbaarmakings

AERP 1

in paragraaf .135 openbaar te maak nie.

- .140 Wanneer dit prakties onuitvoerbaar is om die omvang van die moontlike uitwerkings van 'n sleutelveronderstelling of ander sleutelbronne van ramingsonsekerheid op die verslagdoeningsdatum openbaar te maak, maak die entiteit openbaar dat dit redelik moontlik is, op grond van bestaande kennis, dat uitkomst wat van die veronderstellings verskil, binne die volgende finansiële jaar 'n wesenlike aansuiwering kan vereis van die drabedrag van die bate of las wat beïnvloed word. In alle gevalle maak die entiteit die aard en drabedrag openbaar van die spesifieke bate of las (of klas van bates of laste) wat deur die veronderstelling beïnvloed word.
- .141 Die openbaarmakings in paragraaf .132 van spesifieke oordele wat bestuur in die proses van toepassing van die entiteit se rekeningkundige beleid gemaak het, hou nie met die openbaarmakings van sleutelbronne van ramingsonsekerheid in paragraaf .135 verband nie.
- .142 Die openbaarmaking van sommige van die sleutelveronderstellings wat andersins ooreenkomstig paragraaf .135 vereis sou word, word deur ander Standaarde van AERP vereis. Die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Laste en Voorwaardelike Bates* vereis byvoorbeeld openbaarmaking, in gespesifiseerde omstandighede, van belangrike veronderstellings rakende toekomstige gebeurtenisse wat klasse voorsienings beïnvloed. Die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* vereis openbaarmaking van beduidende veronderstellings wat toegepas is in die raming van billike waardes van finansiële bates en finansiële laste wat teen billike waarde gedra word. Die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* vereis openbaarmaking van beduidende veronderstellings wat toegepas is in die raming van billike waardes van herwaardeerde items van eiendom, aanleg en toerusting.

Ander openbaarmakings

- .143 ***'n Entiteit moet die volgende in die aantekeninge openbaar maak:***
 - (a) ***die bedrag dividende of soortgelyke uitkerings wat voorgestel of verklaar is voordat die finansiële state vir uitreiking gemagtig is maar wat nie as 'n uitkering aan eienaars gedurende die tydperk erken is nie en, indien die entiteit aandelekapitaal het, die betrokke bedrag per aandeel; en***
 - (b) ***die bedrag van enige kumulatiewe voorkeurdividende wat nie erken is nie.***
- .144 ***'n Entiteit moet die volgende openbaar maak, indien dit nie elders openbaar gemaak is in inligting wat saam met die finansiële state gepubliseer is nie:***
 - (a) ***die domicilium en regsform van die entiteit, en die jurisdiksie waarbinne dit bedrywig is;***

AERP 1

- (b) 'n beskrywing van die aard van die entiteit se bedrywighede en hoofaktiwiteite;*
- (c) 'n verwysing na die betrokke wetgewing wat die entiteit se bedrywighede beheer; en*
- (d) die naam van die beherende entiteit en die uiteindelijke beherende entiteit van die ekonomiese entiteit (indien toepaslik).*

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .145 Die oorgangsbepalings wat toegepas sal word op entiteite by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard word in 'n lasgewings(s) voorgeskryf. Die bepaling van hierdie Standaard moet saam met elke toepaslike lasgewing gelees word.*

Wysigings aan Standaarde van AERP

- .146 Paragraaf .109 en .110 is gewysig deur die verbeterings aan die Standaard van AERP wat op 1 April 2012 uitgegee is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings terugwerkend toepas ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Ramings en Foute.*
- .147 Paragraaf .11, .44 .46, .49 en .51 is gewysig en paragraaf .45, .47 en .48 is bygevoeg deur die verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op 1 April 2014 uitgegee is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings terugwerkend toepas vir finansiële jaartydperke wat op of ná 1 April 2015 begin. Indien 'n entiteit die keuse uitoefen om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*
- .148 Paragraaf .102(c) is gewysig deur die Wysigings aan die standaarde van AERP oor Beleggingseiendom en Eiendom, Aanleg en Toerusting (2014) wat op 26 Mei 2015 uitgegee is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Ramings en Foute.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- ~~.148~~ 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële state wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*
- .149*



AERP 1

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- ~~.149~~ 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin.
- .150** Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

Herroeping van die Standaard van AERP oor Aanbieding van Finansiële State (2004)

- .151** Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor Aanbieding van Finansiële State wat in 2004 uitgegee is.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Presentation of Financial Statements* (Desember 2006)

Die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* (AERP 1) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard oor *Presentation of Financial Statements* (IPSAS 1). Die belangrikste verskille tussen AERP 1 en IPSAS 1 is soos volg:

- Hierdie Standaard sluit wysigings in wat deur die International Accounting Standards Board (IASB) as deel van sy *Improvements to IFRSs* aan die International Accounting Standard oor *Presentation of Financial Statements* aangebring is. Dit sluit verder wysigings in wat as deel van die IPSASB se *Improvements to IPSASs* van 2010 aan IPSAS 1 aangebring is.
- IPSAS 1 beskryf die restant van totale bates ná aftrekking van totale laste as “netto bates/ekwiteit”, terwyl AERP 1 na “netto bates” verwys.
- Terwyl AERP 1 die tydperk van die afsienbare toekoms wat betref lopende saak as 12 maande vanaf die verslagdoeningsdatum beskryf, verwys IPSAS 1 daarna as 12 maande vanaf die goedkeuring van die finansiële state. Hierdie verandering is ooreenkomstig plaaslike vereistes aangebring.
- Paragrafe wat in IPSAS 1 ingesluit is, is na die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* oorgedra en is uit AERP 1 geskrap, byvoorbeeld paragrawe wat die doel van finansiële state en die verantwoordelikheid vir die opstel en aanbieding van sodanige state in IPSAS 1 gedek het.
- Die term “bestuur” is in AERP 1 ingebring om daardie persone te beskryf wat die verantwoordelikheid het vir beplanning, rigtinggewing, beheer en uitoefening van korporatiewe bestuur oor 'n entiteit.
- Hierdie Standaard vereis die afsonderlike openbaarmaking van besteding wat aangegaan is om bates te herstel en in stand te hou.
- Oorgangsbepalings by hierdie Standaard van AERP word anders as in IPSAS 1 behandel.
- Die bylae met illustrerende voorbeelde oor die struktuur van finansiële state is uit hierdie Standaard geskrap.